

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 48**

**30 November 2025**

## Ek Is wat Ek Is…

**God openbaar Homself as EK IS in die Ou Testament, en deurgaans kom Sy karakter in Sy Name voor. Sy naam was ook 'n aanduiding van wat 'n mens van so 'n persoon as EK IS kon verwag.**
**Om God te ken, is om te verstaan wie Hy is en wie Hy vir ons wil wees. Om sy hart te ken, is om te verstaan watter verhouding Hy met ons wil hệ. Hoe sien God jou en hoe wil Hy hệ moet jy Hom ken? Ons moet ons denke vernuwe rondom sekere persepsies en vooroordele wat ons opgebou het en Hom leer ken vir wie Hy is.**
**Om God te ken, is om sy liefde te verstaan en sy liefde in gehoorsaamheid te beantwoord. Jou geestelike groei hang saam met jou kennis van die geheimenis van God.**
**Mag jy Hom beter leer ken en sy Liefde verstaan en vreugde vind in jou verhouding met Hom.**

**EK IS Elohim die Skeppergod**
**In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Gen 1:1)**

**My bewonderaar, toe my Gees voor die skepping oor die aarde gesweef en gebroei het, het Ek jou al in my gedagtes gekoester. My Woord is skeppingdmagtig en My Woord het die wệreld omraam. Ek het gespreek en dit was, omdat EK IS. EK IS Elohim, die magtige Skepper. Uit My straal die heerlikheid en is die Woord, my Seun, my ewebeeld wat alles deur sy magswoord in stand hou.**
**My kind, jy was nog nie daar toe Ek die fondamente van die aarde afgemeet het nie. Jy was wel al in my gedagtes daardie nag toe die sterre saamgesing het en al die hemelliggame gejubel het. Ek het vir die son in die hemel 'n tent opgeslaan. Wanneer hy stralend in die oggend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit die slaapkamer kom, stralend, sy bruid tegemoet.**
**Soos die arend haar kleintjies op haar vlerke dra wil Ek hệ jy moet ook vlieg met arendsvlerke, jy moet hardloop en nie moeg word nie, jy moet op My wag vir nuwe krag, en weet Ek sal jou op my veuels dra en jou arms vashou. My kind, die hemel getuig van my almag en die aarde verkondig my heerlikheid, en geen mens kan die letters miskyk wat Ek met my vingers in die Skepping geskryf het nie. Ek het geskep om die grootheid van my werke en my liefde en verlange vir jou te demonstreer dat EK IS wat EK IS… EK IS Elohim.**

**Dankie!**

Dat ons God deur Sy Naam kan leer ken!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir veiligheid van almal wat met vakansie gaan en op die paaie gaan wees.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Eugene Craus
- Marcel Holtzhausen
- Magda Olsen
- Adrie Carstens

Frelma Prinsloo
hys van Tonder
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Rina Roos
Tannie Nelie van Tonder
Bianca Nel

**Gedagte vir die week**

**Die Seun is die beeld van God…**
**Die Seun is die Eerste verhewe bo die hele skepping.**
**God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is:**
**Alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie..**
**Alles is deur Hom en vir Hom geskep.**
**Kol 1:15-16**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org